



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

FRONTLINIE GELOOF



Sien hoe jy
getraumatiseerde
vroue soos Aisha
help om genesing
en vrede te vind

>>

Vervolg  Maar nooit alleen.

**AUGUSTUS
2019**

'Ek is oorweldig deur die liefde wat julle aan ons bewys het', p. 2 | V&A: Hoe kan jy jou susters versterk namate vervolging toeneem? p. 3 | Wêreldwaarnemingslys: Egipte, p. 4 | Jy bemagtig Moslem-gebore vroue om in Christus te groei! p. 5 | Hoekom Christenvroue dubbele vervolging ervaar, p. 6-7



'Ek is oorweldig deur die liefde wat julle aan ons bewys het'

Jy help getraumatiseerde vroue soos Aisha om genesing en vrede te vind

Aisha, 'n jong vrou en ma, was gevul met haat vir haar aanvallers. Maar vandag kan Aisha weer glimlag, te danke aan ruimhartige vriende soos jy.

Een noodlottige nag het Moslem Fulani-veewagters Aisha se dorpie in noordelike Nigerië aangeval. Hulle het haar huis ingestorm en haar man weggesleep omdat hulle gedink het dat hy 'n pastoor is.

"Ongeveer 10 van hulle het by my en die kinders agtergebly," sê Aisha. "Hulle het aangedring op seks, en ek het gepleit dat ek nie by hulle wil slaap nie. Hulle het my geslaan. Een van hulle het my verkrag... en toe het 'n tweede persoon my verkrag. Na dit, het hulle gegaan en alles van waarde saam met hulle geneem."

'n Paar ure later het haar man ongedeerd teruggekeer. Hy het haar ontsteltenis gesien en aangedring dat sy hom vertel wat gebeur het. *"Tussen snikke het ek hom vertel wat hulle aan my gedoen het..."*

"Vee af jou trane. Daar is geen probleem tussen ons nie," het hy vir haar gesê. Maar Aisha het geen vrede in haar hart gehad nie. Sy het die mans wat haar onteer het gehaat.

Te danke aan jou vennootskap was Geopende Deure in staat om Aisha, en ander vroue wat dieselfde ontbering verduur het, uit te nooi na 'n traumasorgprogram. Hierdeur het sy begin om rus vir haar gemoed te ervaar, en die haat wat sy gevoel het, het verdwyn. *"God het my geleer om te vergewe. Nou, wanneer ek die insident herroep... [is] die haat weg."*

"Sonder hierdie program weet ek nie hoe my lewe sou wees nie. Ek sou steeds in pyn gewees het omdat daar niemand om my is om my te versterk en te bemoedig nie. Maar nou dat ek hierdie genesing van trauma ontvang het, is ek so gelukkig. Ek is so oorweldig deur die liefde en deernis wat julle aan ons bewys het. ... Julle het ware en opregte liefde aan ons bewys."

"Ek het waarlik die liefde van God gesien. ... Selfs wanneer ek terugkeer huis toe, wil ek dié liefde aan die mense om ons bewys."

Dankie dat jy hierdie traumasorgprogram moontlik maak vir Aisha en baie ander deur jou ondersteuning! 

V&A **Hoe kan jy jou susters versterk namate vervolging toeneem?**

Na aanleiding van Vrouemaand het ons vir Nicci J, Geopende Deure se vroue-koördineerder, gevra oor die vervolging van Christenvroue en hoe jy jou vervolgte susters in Christus kan help om sterk te staan namate die geestelike geveg feller raak...

Nicci, hoekom dink jy neem die vervolging van vroue toe op 'n buitengewoon wyse?

Vroue besef nie altyd die gewigtige verantwoordelikheid en mag wat ons as vroue het nie... Vervolging neem toe in geslote lande omdat daardie mag van vroue, ma's en dogters, raakgesien en teengestaan word. So, meisiekinders word op die kantlyn geskuif; hulle ontvang onderrig net tot op 'n punt, [hulle] geniet nie dieselfde voorregte as seunskinders nie.

Hoe word vrouens en kinders anders as mans geteiken?

Die vroue wat ek byvoorbeeld in Bangladesj ontmoet het, word gedreig dat hulle van hul families verban sal word. Die kinders word as weeskinders agtergelaat en weggevat van hul familie. Daar is ook meer brutale maniere... meisies sal verkrag word; seuns sal deur ekstremiste geslaan word wanneer niemand kyk nie. En mans wat

hulle mag wil afdwing op die wat swakker is as hulle, sal hulle met die dood of verkragting dreig as 'n taktiek om hulle te intimideer of lam te lê.

Wat meer kan ons doen om ons vervolgte susters te help?

Jy kan Geopende Deure nooi om 'n voorlegging by jou kerk aan te bied en so help om die vlag hoog te hys om hulle onthalwe. Elke geleentheid wat ons kry... laat ons dit gebruik om te vra: *Het jy al van die werk van Geopende Deure gehoor? Het jy al van die Christelike vervolging gehoor wat in geslote lande gebeur?* Want aan die einde van die dag maak ons nie net 'n impak in Suid-Afrika nie. Ons maak nie net 'n impak in 'n geslote land nie. Ons bou God se Koninkryk uit.

Om Nicci of ander lede van die Geopende Deure Suider-Afrika span te nooi om by jou kerk, vrouefunksie, of ander byeenkomste te praat, besoek www.opendoors.org.za/kontak.



EGIPTE

RANG #16 | WWL PUNTE 76

Streek Noord-Afrika

2019 Wêreldwaarnemingslys
#16 (uit die top 50)

Bevolking 99,376,000
(slegs 10% is Christene)

Meerderheidsgeloof Islam

Regering Presidensiële Republiek

Bronne van vervolging Islamitiese onderdrukking, etniese antagonisme en diktatoriale paranoia


BID

- + Bid dat kwesbare Christen-vroue en -meisies beskerm sal wees.
- + Prys God vir die werk wat jy help moontlik maak deur Geopende Deure se vennote, deur Christenvroue van geletterdheidsopleiding en dissipelskap te voorsien.
- + Bid vir Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond wat deur hul families verwerp is, dat hulle sal weet dat hulle geliefd en aanvaar is deur God en deur jou.



WÊRELDWAARNEMINGSLYS

www.opendoors.org.za/afr/wwl



Christenvroue in Egipte word dikwels onderwerp aan teistering, gedwonge huwelike of huwelike deur ontvoerings en onsedelike aanranding. Baie van die Christenmeisies wat verlok word om met Moslems te trou is minderjarig en kom van kwesbare families. Vroue en meisies kan nooit die huis op hul eie verlaat nie en benodig altyd h manlike metgesel om hulle te beskerm.

Moslemmans skei dikwels van hul vroue nadat hulle Islam verlaat het, wat die vroue sonder enige finansiële ondersteuning laat. Die toesig van hulle kinders mag dalk van hulle weggeneem word, asook hul erfregte.

In die werkplek kan Christenvroue dubbele diskriminasie ervaar omdat hulle beide Christene en vroue is. Hulle kan oorgesien word vir bevorderings en werksvoordele omdat hulle vir Jesus volg.



Bid dat kwesbare Christenvroue en -meisies beskerm sal wees.

Jy bemagtig Moslem-gebore vroue om in Christus te groei!



Ontmoet vir Mansuri. Sy is gebore in 'n Moslemfamilie in Bangladesj, maar jou ondersteuning help bekeerlinge soos sy om in hul nuutgevonde Christelike geloof te groei en ander te dissipel!

Mansuri se storie: “My ouers het my toegelaat om met 'n Christen te trou, maar my verbied om Jesus te volg. Ek het nietemin 'n gelowige geword nadat ek begin het om 'n gebedsgroep by te woon. Ons familie en gemeenskap het ons onder baie druk geplaas... Omdat my man onterf is, is ons gedwing om by my familie te gaan woon – 'n bedekte seën. My man kon die Evangelie voor hulle uitleef, en hulle almal het gelowiges geword!”

“Jesus het vir my gesterf. En Hy het ons geleer om ons naaste lief te hê soos onself. Hy is my inspirasie. Hy het vir die mense gewerk. Ek wil dieselfde doen.” – Mansuri

Hoe jy help: Te danke aan jou gebede en ondersteuning het Mansuri by Geopende Deure se Bybelklasse aangesluit. Sy het nou haar eie Bybelstudiegroep vir 10 vroue, en sy dissipel hulle met al die passie wat jy gehelp het om in haar hart te kweek!



Ontmoet vir Sarosa. Sy het grootgeword as 'n Moslem in die Filippyne, maar toe sy Jesus ontmoet, het dit haar lewe gered. Kyk hoe jou ondersteuning haar help om te floreer, ten spyte van die gevare...

Sarosa se storie: “My man is 'n moeilike persoon, beledigend en 'n rokjagter... ek het besluit om my en my kinders se lewens te neem. Ek het ons kos vergiftig en is toe na die mark toe. Daar het ek vir Precious ontmoet wat die Evangelie met my gedeel het. Ek het die fout besef wat ek gemaak het, en saam het ons na my huis gehardloop. Genadiglik het die kinders nog nie die rys geëet nie. Later, nadat my man uitgevind het dat ek 'n Christen is, het hy my gehamer; maar ek het volhard. In 2017 het ISIS ons stad, Marawi, aangeval. Ek het net-net saam met my familie ontsnap. Ons dank God dat ons dit almal oorleef het.”

“Ek het geleer dat God selfs in die moeilikste tye help. Die grootste bewys dat Hy bestaan is dat Geopende Deure ons opgesoek en ondersteun het.” – Sarosa

Hoe jy help: Te danke aan die ondersteuning van vriende soos jy het Sarosa dringende hulp van Geopende Deure ontvang gedurende die gewelddadige beleg van Marawi. Sy is ook bemoedig deur die Bybelse, *Standing Strong Through the Storm*-seminare wat jy help moontlik maak. Tesame met jou het Geopende Deure onlangs haar tydelike skuiling herstel – dit is waar sy woon totdat sy kan terugkeer na haar huis in oorloggeteisterde Marawi.

Hoekom Christenvroue DUBBELE VERVOLGING ervaar

Navorsing wys hoekom jou ondersteuning so kritiek is vir vroue op die frontlinies

Volgens die mees onlangse navorsing deur Geopende Deure se Wêreldwaarnemings-navorsingspan, is dit duidelik dat die maniere waarop Christenvroue vervolg word baie verskil van die maniere waarop mans geaffekteer word. Navorsers het 16 “knelpunte” gevind wat vroue affekteer wat nie in die verslae oor mans na vore gekom het nie.

Hier is net 'n blik op Geopende Deure se navorsingsbevindings, wat wys hoe vroue op unieke wyses vervolg word in baie plekke in die wêreld.*



Die persentasie van verslagdoenende lande waar verkragting of gedwonge huwelike 'n knelpunt is:



51.5%

TEEN VROUE



0%

TEEN MANS

Die gemiddelde getal vroue wat elke dag
verkrag, seksueel geteister of in 'n huwelik
gedwing word vir haar Christelike geloof:

6



Die aantal kere wat verskeie vorme van geweld genoem is, teen

VROUE



MANS



27% van verslagdoende lande (9 uit 33)

meen dat huisarres 'n knelpunt vir vroue is. Alhoewel die regering se gevangeneskap van mans meer algemeen is, word die huisarres wat in die navorsing na verwys word nie deur die regering afgedwing nie, maar deur die familie. En daarom is dit 'n ander hoofsaaklik onsigbare beperking op die vroulike gedeelte van 'n Christengemeenskap.

Vervolgung buit al die beskikbare kulturele kwesbaarhede uit wat vroue ervaar, insluitend:

- + Tekort aan toegang tot onderrig, gesondheidsorg of infrastruktuur
- + Gedwonge huwelike
- + Reisverbod
- + Mensehandel
- + Weduweeskap
- + Opsluiting in 'n psigiatriese eenheid
- + Geforseerde abortsies of voorbehoeding
- + Weiering van toegang tot werk of die keuse van 'n Christelike eggenoot

*Alle statistieke en syfers is gebaseer op die 33 lande wat verslag gedoen het oor geweld ten opsigte van geslag, geneem van die Top 50 lande op die 2018 Wêreldwaarnemingslys.

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

Hierdie maand eer ons vroue in Suid-Afrika en alles wat hulle vir ons en ons samelewing gedoen het. Ons onthou ook en staan in solidariteit met al daardie vroue wat uitgeskuif, mishandel en verstoot word.

Saam met jou wil ons veral ons Christensusters onthou wat dubbeld kwesbaar is vir vervolging vanweë hul geloof en geslag.

Kom ons maak seker dat hierdie Vrouemaand as h herinnering dien dat hulle wel vervolging mag ervaar, maar dat hulle *nooit alleen* is nie.

En dit is hoekom ons die voorkoms van hierdie nuusbrief verander het om te help om die **Nooit Alleen-Veldtog** af te skop. Hierdie veldtog is jou geleentheid om nader aan jou vervolgte broers en susters te staan. En dit is h geleentheid vir verandering vir ons almal – as die liggaam van Christus – om nader aan mekaar te tree.

Soveel as wat ek en jy omgee, mag ons somtyds afgesny voel van ons vervolgte familie, want ons kan nie altyd h aanknopingspunt vind by al die uiterste omstandighede wat hulle vir die naam van Christus verduur nie.

Maar wanneer ons alle dinge in ag neem, is wat regtig saak maak dat ons dieselfde God dien, die God vir wie baie van hulle verwerp en geïsoleer word.

En miskien kan jy jouself vereenselwig met die gevoel van isolasie of eensaamheid.

As h Christen, of jy nou in h 'vrye' land of h geslote land leef, of jy die mees vervolgte of minste vervolgte is – jy het hierdie wonderlike waarheid om jou te bemoedig...

Wanneer jy deel van die liggaam van Christus is, is jy nooit alleen nie.

Sluit dus by ons aan terwyl ons dié waarheid oordink, vier en verkondig: gelowiges mag vervolging ervaar, maar ons is NOOIT ALLEEN nie!

En kom ons doen alles wat ons saam kan, deur ons gebede en ondersteuning, om ons vervolgte familie te verseker dat hulle nooit alleen is nie, want God gee om en ons staan saam met hulle.

Saam in Sy diens,



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho